

## **Wat maak dit so spesiaal om 'n Christen te wees?"**

### **Skielik sit jy met n mond vol tande. Waar begin 'n mens?**

#### **1. Hulle vra: Hoe kan Jesus die enigste weg na God wees?**

**Jy antwoord:** Dis 'n geloofsuitspraak. Hiervoor moet jy aanvaar wat in die Bybel geskryf is. Jesus is die enigste weg. Dit moet jy glo en vertrou. Jy kan nie sê dat die Bybel die enigste gesag in jou geloof is en dan nie die inhoud daarvan aanvaar nie. Omdat ons die Bybel lees en aanvaar, glo ons dat Jesus inderdaad die enigste ware weg na God die Vader is.

Baie verhale in die Nuwe Testament is deur ooggetuies oorvertel en geskryf. Die getuies was daar dat Jesus uit die dood opgestaan het. Ons kan dus glo dat Jesus geleef het. Ons weet dat Hy aan die kruis gesterf het en daar was getuies dat die graf leeg was.

#### **2. Hulle vra: Wat is wedergeboorte? Moet 'n mens dan weer 'n keer gebore word?**

**Jy antwoord:** Dis beeldspraak. Dis 'n manier om te verduidelik dat jy heeltemal anders word as Jesus die Koning van jou lewe word. Wanneer jy Hom nooi om beheer oor jou lewe te neem, word jy eintlik soos 'n nuwe mens. Iemand wat anders dink, anders praat, anders doen en anders optree.

Jou hele menswees verander radikaal wanneer jy in Jesus begin glo. Dis amper asof jy, soos 'n baba, nuut gebore word. Jy begin as 'n nuwe mens leef. Een wat net wil doen wat God wil hê.

#### **3. Hulle vra: Hoekom is soveel Christene ook slagoffers van misdaad? Verkondig hulle dan nie dat God en Sy engele hulle beskerm nie?**

**Jy antwoord:** Nêrens in die Bybel staan daar dat kinders van die Here nooit sal seerkry nie. Christenskap is nie goedkoop lewensversekering nie. Ons leef in 'n gebroke wêreld. Christene beland ook in die kruisvuur tussen die goeie en die slegte. Daar is hope voorbeelde van God wat wel Sy kinders teen seerkry beskerm. Maar daar is ook voorbeelde van waar dit nie gebeur het nie. Soms laat God lyding toe. Dis juis sodat iets beters daaruit kan voortvloei. Hy gee egter vir ons die belofte dat Hy altyd by ons is. Ook in ons lyding.

#### **4. Hulle vra: Wanneer dit met jou sleg gaan, as jy siek word of as jy misluk, is dit straf God se straf?**

**Jy antwoord:** Daar is baie oorsake waarom dit sleg met 'n mens gaan. Jy kan self foute maak. Jy kan dit oor jou self bring met verkeerde keuses. Dit kan ook die gevolg van verkeerde keuses deur ander mense wees. 'n Natuurverskynsel, soos 'n aardbewing, tsoenami of tornado, wat baie mense onskuldige laat sterf, kan dit veroorsaak. Of, soos in Job se geval, kan dit die Bose wees wat betrokke is.

Daar is gewoonlik nie 'n verklaring vir swaarkry nie. Maar ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir Sy kinders. Dit maak nie saak watter nare dinge met jou gebeur nie, ons weet dat Jesus saam met jou in die swaarkry is. Hy verstaan. Hy weet hoe dit voel om Godverlate te wees. Maar Hy het ook opgestaan! Hy leef!

#### **5. Hulle vra: Hoekom is daar soveel verdeeldheid onder Christelike kerke?**

**Jy kan antwoord:** Daar is baie redes hoekom daar soveel verskillende kerke is. Party kerke skeur vanweë hardkoppige leiers. Party as gevolg van politieke agendas. Daar is ook baie kerke wat ontstaan as gevolg van verskillende geestelike of aanbiddingstyle.

Dit gaan nie altyd oor reg of verkeerd nie. Mense verskil. En dit is reg so. Verskillende mense

in verskillende kulture beleef God op verskillende maniere. Daarom is daar ook verskillende wyses om God te aanbid. Verskeidenheid beteken nie noodwendig dat gelowiges nie die waarheid ken nie. Twee uiteenlopende kerke interpreteer die waarheid dalk anders, maar elkeen probeer maar net om so getrou moontlik en na aan die Bybel te leef. So getrou soos hulle dit verstaan. Die Bybel sê dat die liefde die grootste is. Uiteindelik gaan argumente nie iemand se hart vir Jesus wen nie. Werk liewers aan die verhouding. Oorweldig iemand met jou omgee. Leef jou geloof só uit. Dis hoe hulle op die ou einde geloof gaan sien en beleef. Geloof in Christus gaan oor keuses. Bid en vra dat Jesus jou ongelowige vriende en familie se harte ontvanklik maak, sodat die keuse makliker sal wees.

[finesse 15 Februarie 2012

<http://www.voelgoed.co.za/index.php/cms/contentview/action/view/frmCategoryId/57/frmContentId/7546/Title/ANTWOORDE-OP-MOEILIKE-GELOOFSVRAE/>]